



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.  
24 Januarie 2021

## Derde Sondag ná Epifanie

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8

Tema: Ons reaksie in moeilike tye.

Almal in die land word deur die pandemie geraak; ons as Christene ook. Die groot vraag is: Hoe reageer ons in dié krisis? Jakobus kan ons hiermee help.

## Program vir die week

### Vandag:

- **Aanlyn-erediens** olv ds Jaco Thom. Kry dit op ons webwerf of toep.
- **Deuroffer:** NGKA Vrystaat (Botshabelo)

### Maandag tot Donderdag:

- **Week van Gebed:** Die tema is: *Glo is 'n werkwoord*. Ons staan stil by die praktiese geloof in die Brief van Jakobus. Kyk gerus na die aanlyn-boodskap en bid saam.

### Volgende Sondag:

- **Aanlyn-Nagmaalsdiens** olv ds Jaco Thom. Kry dit op ons webwerf of toep.
- **Deuroffer:** Kategese-bydrae

## Allerlei

### Ons eie gemeente-toep (app)

Jy kan nou NG Kerk Petrusburg se toep vir jou slimfoon aflaai by die Playstore of die App Store. Soek **NG Kerk Petrusburg**, laai af, installeer en registreer, en siedaar! Dis heeltemal gratis. Jy kan die hoofstuk van die dag, die erediensvideo's en nog meer daar kry. Ook kennisgewings.



### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

#### Januarie

- 26 Sonia Jacobs
- 27 Marian Bredenhann; Rolin Odendal
- 28 Stoffel Pienaar; Henco Strydom
- 29 Danie Venter
- 30 Grethe van der Berg



## Biddende Hande

### Gebede vir HERLEWING...

Kenmerke van 'n geestelike herlewing:

Christene bekeer hulleself by hernuwing. Herlewing is niks anders nie as 'n begin van gehoorsaamheid aan God. Met gebroke harte moet Christene in diepe nederigheid in die stof voor die Here buig, al hulle sondes bely en afstand daarvan doen.

Herlewing breek die mag en aantrekkingskrag wat die wêreld en sonde oor Christene gehad het. Hulle kry 'n nuwe visie en voorsmaak van die hemel, en 'n nuwe begeerte om by die Here te wees.



### Skrifgebed (1 Kor 15:10; 2 Kor 5:17; Ef 4:23-24; Hebr 12:1-3)

*Here Jesus, laat U genade in my lewe vrug dra. Help my deur U Heilige Gees om in Christus te wees, want dan is ek 'n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan – kyk, hulle het nuut geword. Help my om deur die aard van my denke vernuwe te word en die nuwe mens – wat in geregtigheid en ware heiligheid na die beeld van God geskep is – soos 'n kled aan te trek. Laat ek van elke las ontslae raak, van die sonde wat ons so maklik omring, en die wedloop wat vir my voorlê met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van geloof. Amen.*

### Sake vir voorbidding:

- Dank die Here vir **blydskap** onder alle omstandighede, en genade om te volhard.
- Bid vir siekes: Dank die Here vir **Marius Stander** en **Tikkie Nieuwoudt** wat albei tuis is, bid steeds vir albei vir volkome genesing.
- Bid ook vir **Anita Wagner** wat 'n heupvervanging gekry het.
- Vir die Regering vir wysheid met die proses om 'n geskikte **entstof** vir Covid 19 beskikbaar te maak.
- Die **Sopkombuis** se nuwe staanplek en alle behoeftes daaraan verbonde
- Dat ek sal breek met **gewoonte-sondes**
- **Kinderbediening** in Petrusburg en Bolokanang.

<u>Leraar:</u>	<b>Jaco Thom</b>	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	<b>Madette Lombaard</b>	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	<b>Elmien Thom</b>	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	<b>Annamarie Dercksen</b>	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		facebook <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		